# KOERSVAS

Jaargang 10 Uitgawe 214
19 Mei 2023

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Waarnemende-redakteur: Oudl. Jaco de Ridder


**In hierdie uitgawe:**


**Redaksioneel**
**Berigte - Bondsvergadering**
**- Nagmaal**
**- Huldeblyk**
**- Lewensbrood**
**Kennisgewings - Bybelvasvra 2023**


## REDAKSIONEEL

**Die nuwe gevaar - AI**

Wat is *AI* vir ons? *AI* verwys na *artificial intelligence*. Ons het al van die term gehoor, maar is nie altyd seker wat dit beteken of behels nie. Daar is nie 'n nuwe eie Afrikaanse term vir hierdie rekenaar aangeleerde intelligensie nie. Die hoofletter en gewone letter afkorting is al klaar in (nie so algemene) gebruik. Die WAT stel: *A.I. anni incarnationis (Latyn), van die jaar van die vleeswording (menswording) — d.w.s. van Christus en a.i. ad interim (Latyn), vir die teenwoordige, vir eers, voorlopig, vir die tussentyd.* Die gevolg is dat die nuutste bygewerkte weergawe van hierdie konsep stel: "KI - 1. kunsmatige inseminasie, 2. kunsmatige intelligensie.
Die konteks gaan met ander woorde in die toekoms bepaal waarna verwys word. Vir die eerste betekenis dui die WAT aan dat KB (kunsmatige bevrugting) gebruik kan word. Binne die konteks van gesprekke oor rekenaars en masjiene sal ons kwalik aan bevrugting dink met enige verwysing na KI.
Dit moet van meet af gestel word dat hierdie Redaksioneel nie veel meer wil doen as 'n oppervlakkige bekendstel van KI nie. KI is 'n komplekse en logaritmies groeiende veld van navorsing. Om lesers bewus te maak van dit wat rondom hulle aangaan, is nie 'n steriele oefening nie.
Bekendes soos Elon Musk het al gewaarsku teen hierdie navorsing en oor-ontginning van hierdie hulpmiddel. Die scenario's wat hulle skets, word deur doemprofete gesien as die einde van die mens op aarde.
Dit raak al hoe meer moontlik dat KI die mens se dominansie kan bedreig. Daar was al baie bedreigings vir menslike voortbestaan, net om telkens kort te skiet van die verwagte uitwissing van die mensdom. Die rede daarvoor is te vinde in ons verwagting en oortuiging in geloof. Ons wag op die wederkoms en daarom weet ons dat dit nie ons algehele voortbestaan kan bedreig nie. Die einde van die geskiedenis sal deur God se toedoen plaasvind, nie 'n mens of 'n mens ontwikkelde self-verbeterende KI nie.
Wat is KI en hoe lank is die konsep al in omloop? Verbasend genoeg is die term reeds in 1965 deur John McCarthy gedefinieer as "die wetenskap en ingenieurswese wat intelligente masjiene maak". Daardie definisie kan verander en verfyn word juis omdat alles so verander en gevorder het. KI is die ontwikkeling van rekenaar sisteme wat by magte gemaak word om take te verrig wat menslike intelligensie vereis. Dit sluit in take soos besluite neem, mense en voorwerpe

herken, komplekse probleme oplos en vele meer.

Een bron definieer KI as die poging om rekenaars en masjiene te manipuleer om menslike optredes, probleem oplossings en besluitnemings kapasiteite na te boots. KI maak dit moontlik vir tegniese sisteme om hulle omgewing waar te neem, op te som en dan daarop te reageer met 'n spesifieke doel voor oë. Daardie doel word deur mense bepaal.

Daar is meer as een vlak van KI waarvan ons moet kennis neem. 'n Algemene indeling van KI masjiene kan verwys na twee of drie vlakke.

In die eng verstaan van die konsep (ANI - artificial narrow intelligence op sy Engels), praat ons van masjiene wat spesifieke en beperkte take verrig. Die masjiene kan nie 'dink' nie, maar wel sekere take eksak uitvoer. Hierdie vorm van KI kan onder verdeel word in reaktiewe masjien KI en beperkte geheue KI. Reaktiewe masjien KI kan 'n magdom data stoor en verwerk en op die huidige situasie reageer. Die beste voorbeeld van sodanige sisteem is die IBM skaak rekenaar wat Garry Kasparov gewen het.

Na aanleiding daarvan, kan jy die Kasparov skaak stelsel kry om jou eie spel-vermoë te verbeter. Daar is baie ander voorbeelde van hierdie vlak van KI en dit bedreig geen mens direk nie. Dit het wel 'n magdom werk uit mense se hande geneem. Dit is ook in fabrieke wat hierdie tegnologie enige menslike pogings troef. Die gevaar is natuurlik dat alles so KI gemeganiseerd kan word dat daar nie meer werk vir mense is nie. Dit sou teen die aard van die mens in die skepping wees. Ons is hier om te werk, soos blyk uit Genesis.

Beperkte geheue KI kan ingeligde en verbeterde besluite neem op grond van vorige 'ervaring'. Vorige uitkomste word evalueer om toekomstige aksies te oorweeg. Voorbeelde van beperkte geheue eng KI is self-bestuur motors, Alexa en Siri. Met Alexa as voorbeeld kan ons stel dat KI dit moontlik maak om die rekenaar opdrag te gee en die antwoord of taak word verrig. "Wat beteken ... speel musiek ... herinner my ... en ander is opdragte wat dan binne 'n nou veld verrig word.

Hierdie nou veld is besig om al hoe meer te verbreed en die ontwikkeling is verstommend. Daar is wel baie toepassings wat die mens se bestaan vergemaklik, maar dit vervang geen mens nie.

'n Voorbeeld van vordering op die vlak is sogenaamde *'Theory Of Mind'* KI. Hierdie masjiene gaan 'n rol speel binne die sielkunde met as fokus op veral die mens se emosionele intelligensie, sodat menslike denke en oortuigings 'beter' verstaan kan word. Inter-persoonlike skakeling en interaksie kan egter nie deur selfs die mees gesofistikeerde masjien vervang word nie. Die mens is baie meer as die somtotaal van sy dele.

Daar is al weergawes van hierdie KI wat binne die ruimte van groot taal modelle (LLM - *large language models*) werk. LLM is 'n tipe KI wat met sy komplekse logaritmes die gebruik van groot volumes data leer. Hierdie vorm van masjien-leer word *Deep Learning* genoem en het as agtergrond die logika van algoritmes wat byvoorbeeld gebruik word in gesig-herkenning van Facebook. Groot volumes teks (en onlangs ook prentjies, foto's en video's) word analiseer sodat die masjien kan 'verstaan', opsom en selfs nuwe inhoud genereer of voorspel..

Die volgende vlak van KI is 'n algemene vlak van funksionering (*AGI - Artificial*

*General Intelligence* op sy Engels). Hierdie vlak staan ook bekend as 'Strong AI' en sodra die vlak bereik word sal KI maak dat masjiene kan dink en besluit soos mense doen. Hierdie vlak is iets waarna navorsers strewe, maar is nog nie 'n bewuste werklikheid nie. Die ontwikkeling en groei van KI is eksponensieel en daardie oomblik waar algemene KI moontlik is, kruip dalk nader.
Daar is mense wat 'n derde vlak van KI poneer as sogenaamde super KI, waar masjiene in alle vlakke die mens oortref en regeer of uitwis - 'n spekulasie wat aanleiding gegee het tot flieks soos *'Terminator'*. Hierdie word ook die vlak van self-bewuswording genoem.
Die mens was aanvanklik geklassifiseer as *homo sapiens*. Denkende mens. Met navorsing het hulle agtergekom ape kan ook dink. Die mens word nou geklassifiseer as *homo sapiens sapiens*. Wese wat kan dink oor sy denke. Selfs as die masjiene begin dink soos 'n mens en self bewus raak, is dit 'n ope vraag of daardie masjien kan dink oor sy denke. Ek vermoed dit gaan die finale struikelblok wees; denke oor jou denke impliseer onsekerheid en masjien-ontwikkeling - ook in KI - strewe na perfeksie. Dit moet ook duidelik gestel word dat die mens na die beeld van God geskep is, in verhouding met God lewe. Geen masjien kan ooit daardie vlak van bestaan bereik nie. Op hul beste kan hulle afbeeldings van die beelddraers wees.
Soos dit is, het ons nie rede om houtgerus te wees nie. Die sogenaamde *'bots'* (verkorting van *'robots'* om aan te dui dat dit nie 'n mens is waarmee die interaksie is nie) kom al hoe nader aan menslike gedrag. Daar is al *'bots'* wat jy as jou nooi kan huur om enige tyd van dag of nag mee te gesels. Daar is KI sisteme beskikbaar wat dit moontlik maak om net 'n paar beskrywende woorde in te tik en die rekenaar genereer die prentjie of gesig wat baie naby kom aan dit wat jy in jou gedagtes gehad het.
Plagiaat is in die akademiese wêreld taboe. Die onderwysers verwag dat jy jou eie denke sal toon. Daar is KI sisteme wat namens jou 'n opstel kan skryf tot so 'n mate dat selfs 'n ander rekenaar en enige biblioteek sisteem nie kan optel dat dit eintlik rekenaar gegenereerd is nie. *ChatGPT* is een so 'n voorbeeld van LLM. Ek het aan die rekenaar gevra na die aard van hierdie 'bot'. Sy antwoord - vry vertaal: *ChatGPT is 'n kletsbot (gesels robot) wat deur OpenAI geloods is (OpenAI is 'n KI navorsing- en implementering maatskappy) in November 2022. Dit is 'n taal model wat realistiese mens-gelyke teks kan genereer. In sy wese is dit 'n gevorderde kletsbot wat 'n massiewe hoeveelheid tekste op die internet gebruik in 'n poging om te gesels soos enige mens sou doen*. Daar is LLM weergawes wat nie net nuwe data kan genereer nie, maar dit in die 'gees' van 'n spesifieke outeur kan doen. Teoreties beteken dit dat iemand 'n 'gesprek' met Tolkien of CS Lewis kan voer. Daar is 'n groep wat die Bybel probeer insleutel en by die 'gees' van die King James weergawe wil uitkom ...
Dan is daar natuurlik die gebruik van NLP (*Natural Language Processing*). Met al die data gelaai, word NLP gebruik om op grond van natuurlike taalgebruik en taalpatrone beter kommunikasie met masjiene en mense te bewerkstellig. Dit word byvoorbeeld gebruik om terroriste se taalpatrone te herken. *Twitter* gebruik hierdie sisteem om 'ongewensde taal' uit te wan. Ongelukkig is dit ook al gebruik om konserwatiewes die mond te snoer.

Dit maak met ander woorde sensuur van enige posisie baie maklik deur die algoritmes aan te pas.
Wat is hierdie 'algoritmes' waarna daar so baie al verwys is? *Whatis.com* definieer algoritmes as 'n prosedure wat gebruik word om 'n probleem op te los. Algoritmes dien as 'n presiese lys van instruksies wat spesifieke aksies stap vir stap voorskryf. Verander die algoritme, verander die uitkoms. Algoritmes word in hardeware en sagteware gebruik.
Met die regte logaritme kan jy op sosiale media beplande terroriste aanvalle voorspel of fnuik. Jy kan weerstand-stemme stil maak, en tegelyk op hulle spioeneer.
Is ons gerat vir die aanslag van *SKYNET*? Ons gaan oor hierdie saak moet dink en praat terwyl ons kan.

Dr J Otto

# BERIGTE

## BONDSVERGADERING VAN DIE GHG WAT PLAASVIND OP 10 TOT 12 SEPTEMBER 2023 TE KOSTER.

Wie dit mag aangaan,
Ontvang hiermee die voorlopige inligting en reëlings rakende die 2023 Bondsvergadering. Dit is uiters belangrik dat u op hierdie skrywe reageer om ons sodoende in staat te stel om die laaste administratiewe reëlings te finaliseer.

**ALGEMENE REËLINGS**

DATUM: 10 tot 12 September 2023.
PLEK: Hervormde Gemeente Koster.
SITTINGSURE: Registrasie vind plaas op Sondag 10 September 2023 vanaf 16h00. Die sittingsure vir die vergadering sal in die Agenda aangedui word.

**AFVAARDIGING**

Die afvaardiging bestaan uit 'n maksimum van: 2 Ouderlinge, 1 Diaken, Predikant/e
Weens die belangrikheid van hierdie vergadering moet elke kerkraad toesien dat hulle behoorlik tydens die vergadering verteenwoordig is.

**KOSTES**

Die kostes vir die 2023 Bondsvergadering sal aan u gekommunikeer word na die Bestuursvergadering wat gedurende Julie 2023 plaasvind.

**BESKRYWINGSPUNTE EN VERSLAE**

Alle beskrywingspunte en verslae moet voor of op 7 Julie 2023 aan ds. Frans Marais frans.marais@geloofsbond.org.za gestuur word.
Die Dames sal, soos altyd Maandag 11 September vergader. Bondsdames, neem kennis! U sal betyds korrespondensie ontvang.

## NAGMAAL IN DIE SUIDKAAP/WESKAAP

(George tot Kloofsig Klaarstroom(De Rust) en Oudtshoorn)
Dit is 'n instelling dat Dr Otto tydens sy besoek aan die gebied lidmate van die GHG besoek. So was dit ook weereens die jaar. Hy en Oom Bokkie Breytenbach het by die lidmate huisbesoek gedoen. Dit was 'n wonderlike geleentheid om 'n besoek van ons GHG predikante, en nog soveel te meer die voorsitter – Dr Otto, hier te ontvang. Dit sal vir ons 'n blye dag wees indien ons hier 'n Bond gemeente kan stig. So verneem ons in die wandelgange dat Ds van Antwerpen haar man gaan oorreed om hulle hier te kom vestig. Doen dit gerus, hier werk alles. So breek Sondag 26 Maart 2023 aan. Nagmaal word bedien in Oudtshoorn aan woonstel van Oom Bokkie. Ons is 'n handjie vol geseënde lidmate die oggend. Na nagmaal, soos dit die Hervormers betaam, word daar eers verversings en koffie genuttig. Later word daar geëet. Baie dankie aan Oom Bokkie en sy dogter vir al die reëlings. Dit word opreg waardeer. Aan Dr Otto en Mev – Yvette soos sy aan ons bekend is – baie dankie vir die besoek. Dit was vir ons voorwaar 'n besonderse voorreg. Ons bid jou sterkte toe met die verkondiging van God se

Woord. Seënwense. Groete hier vanuit die Suid-Kaap.
DIE HERE IS MY HERDER. EK KOM NIKS KORT NIE.
Jan Claase
(Kloofsig**)**

## Huldeblyk: Nick van Jaarsveld

Nick van Jaarsveld was ‘n mens met vaste beginsels en ‘n respek vir die kerk. Hy het ‘n baie duidelike nalatenskap dat waar die Heer van die kerk gedien word, daar met eerbied opgetree sal word. Daarom was hy ‘n baie groot voorstander van korrekte riglyne en diensordes binne die erediens.
Ek het Nick in 2005 by Meyerspark ontmoet waar hy toe reeds as ouderling in die gemeente werksaam was. Nick was voor hy na Meyerspark gekom het , ouderling en skriba van die NHKA Gemeente Wapadrand. Hy was ook nou betrokke en was vir baie jare lank deel van die finansiële komitee in Meyerspark gemeente en ook vir die laaste paar jaar ondervoorsitter van die finansiële komitee. Sy bydrae en insette by kerkraad- en ouderlingvergadering en die finansiële komitee, was van groot belang en het dit positief tot die dag tot dag bestuur van die gemeente bygedra en sy insette by die finansiële komitee het ‘n baie gesonde rigting aan die gemeente se finansiële posisie gegee.
Hy is tydens die Bondsvergadering te Meyerspark in 2015 tot die kuratorium verkies. Nick se bydrae tot die kuratorium se besluite was altyd rigied korrek – sonder skroom het hy sy gedagtes tot ‘n saak gestel. Hy was ‘n baie beginselvaste mens en het nie gehuiwer om sy voorstelle te stel, en te verdedig nie.
Ten spyte van sy siekte, alhoewel dit hom tot ‘n mate gekortwiek het in sy werksaamhede by die kerk, het hy enduit gepoog om positief sy bydrae in sy gemeente sowel as in die kuratorium te lewer.

Ek en Nick het weens ‘n wedersydse gesondheidsprobleem ‘n verhouding opgebou wat mekaar versterk en ondersteun het - sonder baie woorde. Sy positiewe antwoorde het my negatiewe hantering telkemale laat besef alles sal gebeur soos die Heer van die kerk dit bepaal, ons moet net positief bly. Ek sluit af met die woorde van Paulus aan die Filippense. Fil. 2:12 en 13 is hoe Nick van Jaarsveld geglo en geleef het. Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.

Pieter Geyser, vorige sekretaris: Kuratorium.

## LEWENSBROOD 2024/25

**Predikante neem kennis: Sperdatum vir alle lewensbrood bydraes: 15 Junie 2023**
Beste Geloofsvriend
Aan die predikante skryf ons: *Ons is in die proses om Lewensbrood 2024 in die lewe te roep. Dankie vir u bereidwilligheid om deel te wees van Lewensbrood 2024. Ek is deeglik bewus van die enorme tydsfaktor en gepaardgaande uitputtende denk-prosesse. Baie dankie vir u vorige sinvolle, opbouende bydraes. Aangeheg vind u die indeling van predikante vir 2024 en Januarie 2025 se Oordenkings. (Onthou dat elke Januarie se Oordenkings wat ‘n jaar vooruit geskeduleer is, in die daaropvolgende jaar se begin herhaal word. Elke Lewensbrood bestaan dus uit twee jare se Januarie-plasings.)*
***DIE SPERDATUM IS 15 JUNIE 2023,*** *12:00 (Dag voor Soweto-dag)*
*Begin asseblief vroegtydig. Oordenkings wat laat ingedien word, vertraag die hele proses en ons wil graag die* ***boeke gereed hê teen die einde van November 2023,*** ter wille van die bestellings.
WAT VIND LESERS IN LEWENSBROOD 2024/?
‘n Kerngedagte word voorsien in ‘n sin of twee wat die tema aankondig, daarna

volg ‘n logiese uiteensetting van hierdie kerngedagte en ‘n vraag of ‘n toepassing as ‘n afrondingsmoment.
Soms vind u dat die kerngedagte oop eindig. Mense kan dan deur die dag geprikkel word om die kerngedagte vir hulself uit te brei of toe te pas.
Soms vind u dat ‘n argument of tema in ‘n paar kerngedagtes opgebreek is om sodoende ‘n argument opeenvolgend in ‘n paar dagstukkies/ idees oor te dra. Kyk gerus na Luther se 95 stellings as ‘n voorbeeld van kernargumente opeenvolgend stel om ‘n groter argument te dra.
BESTEL GERUS NOU REEDS U EKSEMPLAAR VAN DIE 2024 UITGAWE.

**LERAARS EN GEMEENTES - KORREKTE INLIGTING**

Gaan asseblief AL u persoonlike en u gemeente se inligting na in die huidige Lewensbrood 2023. Enige inligting wat verskil of wat intussen verander het, moet na Ella gestuur word by ella@geloofsbond.org.za. Die inligting wat weergegee word, is dus soos ontvang vanaf gemeentes.

Enige voorstelle rondom die voorblad asook verbetering van die boek kan gestuur word aan Yvette Otto by zyvetto@gmail.com.
Lewensbrood 2023/24 Daar is nog 28 eksemplare van hierdie gewilde boek beskikbaar. Kontak gerus vir Ella.

## KENNISGEWINGS

### BYBELVASVRA

Die jaarlikse Bybelvasvra vind DV op Sondag die 30ste Julie 2023 plaas. Bestek: Rut en algemene Bybelkennis (elk 50% van die vraestel)...

Rig enige navrae aan ljstrauss@lantic.net

### DRUKWERK

Paul en Ella help graag met:

Kalenders

Kwitansieboeke

Offergaweboeke

Dames Kwitansieboeke

Konsistorieboeke

Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.com

